Woensdag 28 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 13:31–35

Fokusgedeelte: Johannes 13:34

Die baie "ou gebod" kan alleen in Christus nuutgemaak word

Die begin van Johannes 13 is al 'n bewys van wat ons vandag in vers 34 kon lees. Jesus het sy dissipels se voete een vir een gewas. Jesus doen dit in sy liefde, maar ook in sy trou. Jesus wil dat ons ook mekaar se voete moet was. In vers 14 maak die Here dit 'n duidelike opdrag dat ons ook mekaar se voete behoort te was. Soos Jesus sy liefde en trou aan ons bewys het, behoort ons dit ook aan mekaar te bewys.

Dit gaan nie altyd maklik wees nie. In dieselfde hoofstuk het Jesus te make met wanneer liefde nie gewys en getrouheid nie uitgeleef gaan word nie. Hier word bekendgemaak dat Judas Iskariot Jesus verraderlik met 'n soen sal verraai. Die soen wat nog altyd veronderstel was om in die konteks van liefde te moet geskied, word die verraderlikste van soene wat jy jou nie kan voorstel nie. Johannes 13 se einde maak Jesus ook bekend hoe Petrus Jesus sal verloën. Verraad en verloëning praat beslis nie die taal van liefde nie.

Verskriklik dié dinge wat met Jesus Self sou gebeur en tog is Jesus nie stil oor hoe groot en hoe heerlik God se liefde en trou teenoor ons is nie. Wanneer liefde in ons tekswoorde direk aangespreek word, dan noem die Here dit 'n "nuwe gebod". *"Julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê."* Waarom kan Jesus hierdie 'n "nuwe gebod" noem. Is dit werklik nuut? Ons weet alreeds vanuit die Ou Testament dat liefde vir God en liefde vir ons naaste is hoe God Self sy wet oor al die eeue nog saamgevat het (vgl. HK Sondag 2 v/a 4; Deut. 6:5; Lev. 19:17).

Hoekom noem Jesus dit dan 'n "nuwe gebod"? Die baie "ou gebod" kan alleen in Christus nuutgemaak word. In die heerlikheid wat Christus vanuit Homself maar ook vanuit sy Vader openbaar, word hierdie gebod in dieselfde heerlikheid opnuut en nuut geopenbaar.

Christus maak dit baie duidelik dat Hy as mens weggaan en nie meer so 'n tasbare en sigbare liefde aan hulle kan betoon nie. As mens gaan Hy weggaan, mense gaan Hom wil soek, maar hulle sal Hom as mens nie meer hier kry nie. Waar Hy heengaan, kan ons as sy kinders nie by uitkom nie. Tog gaan sy liefde nie weg nie. Inteendeel, soos Hy sy liefde aan ons bewys het, moet dit vir ons 'n "nuwe gebod" word. So nuut dat andere sal sien in die wyse hoe ons Christus se liefde uitleef ons werklik sy dissipels is.

*Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1*

*Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)*